Bekende VS-sakeman en stigter van voerkraal sterf

■ DIRK KOK

MNR. DIRK VAN REENEN (77) van Marquard, een van die Vrystaat se grootste en suksesvolste sakemanne, is oorlede.

Van Reenen, stigter en direkteur van die multimiljoenrand-voerkraal en vleisverspreider Sparta Beef, is Saterdagoggend in sy een dogter, Estelle, se huis in Umhlanga, KwaZulu-Natal, dood. Hy het aan longfibrose gely.

Die begrafnis is Vrydag om 11:00 op die familieplaas Middel, Marquard.

Van Reenen, 'n boorling van Marquard met 'n B.Com.-graad van die Universiteit van Durban, het in 1966 met die vetmaak van 30 osse by Marquard begin. Só het sy Sparta-groep begin.

Hy het dit uitgebou tot 'n multimiljoenrand-sakeonderneming met 'n voerkraal by Marquard, 'n slagplaas in Welkom en 'n groothandelvleisverspreider in Gauteng. Dit is ook in vennootskap met 'n leerlooiery in die Oos-Kaap.

Vandag staan daar elke dag gemiddeld 40 000 beeste in die voerkraal en word Sparta se vleis oor die land heen versprei. Altesaam 12 000 beeste word per maand afgerond en verkoop.

MNR. DIRK VAN REENEN

In die Vrystaat alleen verskaf die groep aan 1 000 mense werk. Dit is nie net een van die grootste werkverskaffers in die provinsie nie, maar skep ook onregstreeks baie werkgeleenthede. Die groep help ook met die opleiding van talentvolle jong mense en opkomende boere.

Van Reenen is in Maart op 'n spoggeleentheid in die Marquard-stadsaal deur familie, werknemers, betrokkenes in die voerkraalbedryf en politici vereer vir sy lewe, werk en die verbetering van ander se lewe.

Mense wat hom geken het, sê hy was 'n regverdige, nederige en 'n reguit man en 'n pionier van die voerkraalbedryf in Suid-Afrika en die wêreld.

Van Reenen word oorleef deur sy vrou, Bettie, 'n seun, Lou, drie dogters, me. Estelle van Reenen, me. Lynette van Reenen en mev. Erika Kok, en vyftien kleinkinders.

Lou is voorsitter van die Spartagroep, Estelle is uitvoerende hoof van Sparta, Lynette is 'n direkteur en hul suster, Erika, is 'n sakevrou op Stellenbosch.

IN Maart is mnr. Dirk van Reenen op 'n spoggeleentheid op Marquard vereer. Die volgende is oor hom gesê:

Mnr. Mbothoma Maduna, burgemeester van Setsoto: "Hy verdien lof vir sy enorme belegging in Marquard, die provinsie en die land."

Me. Mathokoana Mopeli, koningin van die Bakoena-stam in Qwaqwa en speaker van die distriksmunisipaliteit Thabo Mofutsanyana: "Dirk van Reenen het die weg vir baie ander gebaan, terwyl ander sakelui hul ondernemings uit die Vrystaat geskuif het."

Mev. Mamiki Qhabate, Vrystaatse LUR vir landbou: "Ek bring as swart vrou hulde aan 'n wit man met 'n goeie hart en 'n man wat nie kleur sien nie. Dit is belangrik dat swart en wit na mekaar uitreik en mekaar bystaan. Hierdie onderneming het deur die jare 'n betekenisvolle rol in mense se lewe gespeel. Ons het baie meer Dirk van Reenens nodig."

Mnre. Dave Ford, uitvoerende direkteur van die SA Voerkraalvereniging, en Piet de Wet, vriend en sakevennoot van Van Reenen: "Hy was 'n pionier van die voerkraalbedryf in Suid-Afrika en in die wêreld."